# Lesing 9.10.2018 - Lesing 20 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

### Die onderhouding van fisiese gebruike, in plaas van die innerlike geestelike daarvan, bring die dood

**Openb 3:7** En skryf aan die boodskapper van die **gemeente in Filadelfía**: Dít sê die Aparte Een, die Ware Een, wat die sleutel van Dawid het, wat **oopmaak en niemand sluit** nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: [JeshaJaH 22:22]

**Openbaring 3:8** Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n **geopende deur** gegee, en niemand kan haar sluit nie, want jy het **min krag** en jy het **My Woorde onderhou** en **nie teen My Naam getuig** nie.

9 Kyk, Ek gee jou **uit die vergadering van die Satan**, van die wat sê dat hulle manne van JeHûWdah is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete **neerbuig en erken** dat Ek jou liefgehad het.

10 Omdat jy die **Woord van My lydsaamheid bewaar** het, sal Ek **jou ook bewaar** in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die Aarde **op die proef te stel**.

11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand **jou Kroon** kan neem nie. [JeshaJaH 22:23]

12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n **pilaar in die Tempel** van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die **Naam van My Elohey** skrywe en die **naam van die Stad** van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, **en My nuwe Naam**. [JeshaJaH 61:3]

13 Wie 'n oor het, laat hom **hoor wat die Gees** aan die gemeentes sê.

Die letter maak dood, die gees maak lewend. Mense is sekerlik baie beter onderrig in Paulus se werke as ek, maar dis veral hieroor wat die meeste mense gly met sy geskrifte. Feitlik alles is op 'n diep hemelse waarheidsvlak geskryf en die natuurlike mens verdraai dit, (**2Petrus 3:16**) partykeer tot sy voordeel, maar meestal tot sy nadeel. (**2 Korintiërs 3:6** "wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die LETTER nie, maar van die GEES; want die LETTER MAAK DOOD, maar DIE GEES MAAK LEWEND.")

### Verdere onderrig deur Paulus

**Galasiërs 4:21** Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, **luister julle nie na die wet nie**?

22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die **slavin** en een uit die **vrye**.

23 Maar die een uit die slavin is gebore **na die vlees**, en die ander een uit **die vrye deur die belofte**.

24 <u>Dit is sinnebeelde</u>, want dié vroue staan vir **twee verbonde**: een, van die berg **Sinai** afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is **Hagar**;

25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met **die teenswoordige Jerusalem** en is met haar kinders saam in **slawerny**.

26 Maar **Jerusalem** daarbo (<u>*Die Nuwe Jerusalem*</u>) is vry; en **Sy is die moeder** van ons almal.

27 Want daar is geskrywe: **Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie**; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.

28 Maar ons, broeders, is **soos Isak**, kinders van die belofte;

29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, **vervolg het**, so is dit nou ook.


30 Maar wat sê die Skrif? **Werp die slavin en haar seun uit**, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.

31 Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, **maar van die vrye**.

### Aan die kruis - JaHshua se laaste woorde aan Johannes

**Johannes 19:26** En toe JaHWèshua Sy moeder sien en die student wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir Sy moeder: **Vrou, dáár is u seun**!

27 Daarop sê Hy vir die student (Johannes): **Dáár is jou moeder**! <u>En van daardie uur af het die student haar in sy huis geneem</u>.




## *DIE VLOEI VAN AANBIDDING IN DIE TABERNAKEL*

